



STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY—POST FREE

Vol 73]

KAAPSTAD, 7 JULIE 1971
CAPE TOWN, 7TH JULY, 1971

[No 3187

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No 1175

7 Julie 1971

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word —

No 76 van 1971 Wet op Chiropraktisyne, 1971

No 1175

7th July, 1971

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information —

No 76 of 1971 Chiropractors Act, 1971

Act No 76, 1971

CHIROPRACTORS ACT, 1971

ACT

To prohibit any person whose name does not appear on a list kept by an officer designated by the Minister of Health, from practising for gain as a chiropractor, and to provide for incidental matters

*(Afrikaans text signed by the State President)
(Assented to 15th June, 1971)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows —

Prohibition of
practice of
chiropractic
except by
certain persons

1 (1) No person shall from a date six months after the commencement of this Act practise for gain as a chiropractor unless his name appears on the list referred to in section 2

(2) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment

List of persons
entitled to
practise as
chiropractors

2 (1) An officer in the Department of Health designated by the Minister of Health shall keep a list on which shall be entered the name of every person who within six months after the commencement of this Act submits proof to the satisfaction of such officer—

(a) that at the said commencement such person—

(i) was practising for gain as a chiropractor in the Republic, or

(ii) was a South African citizen and was studying, in the Republic or elsewhere, in order to qualify as a chiropractor, and

(b) that the Chiropractic Association of South Africa (hereinafter referred to as the "Association") has made a recommendation that such person's name be entered on such list

(2) Any person who feels aggrieved by the refusal or failure of the Association to make a recommendation that such person's name be entered on the list referred to in subsection (1), may make representations to the Secretary for Health who may, after consultation with the Association, order that such person's name be entered on such list

(3) The list referred to in subsection (1) shall, in addition to the name of the person concerned, contain such particulars as the Secretary for Health may, after consultation with the Association, determine

Saving

3 The provisions of section 39C of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No 13 of 1928), shall not be construed so as to prohibit any person whose name appears on the list referred to in section 2 of this Act from performing for gain any act usually performed by chiropractors at the commencement of this Act

WET OP CHIROPRAKTISYNS, 1971

Wet No 76, 1971

WET

Om 'n persoon wie se naam nie verskyn nie op 'n lys wat gehou word deur 'n beamppte aangewys deur die Minister van Gesondheid, te verbied om vir wins as chiropraktisyn te praktiseer, en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken)
(Goedgekeur op 15 Junie 1971)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg —

1 (1) Niemand mag vanaf 'n datum ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet vir wins as chiropraktisyn praktiseer nie tensy sy naam op die in artikel 2 bedoelde lys verskyn

Verbod op beoefening van chiropraktyk behalwe deur sekere persone

(2) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf

2 (1) 'n Beamppte in die Departement van Gesondheid wat deur die Minister van Gesondheid aangewys word, moet 'n lys hou waarin die naam van elke persoon ingeskryf word wat binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet ten genoee van sodanige beamppte bewys voorlê—

Lys van persone wat geregtig is om as chiropraktisyns te praktiseer

(a) dat sodanige persoon by gemelde inwerkingtreding—
(i) vir wins as chiropraktisyn in die Republiek gepraktiseer het, of

(ii) 'n Suid-Afrikaanse burger was en besig was om in die Republiek of elders te studeer ten einde hom as chiropraktisyn te bekwaam, en

(b) dat die „Chiropractic Association of South Africa” (hieronder „die Vereniging” genoem) 'n aanbeveling gedoen het dat sodanige persoon se naam in sodanige lys ingeskryf word

(2) 'n Persoon wat homself veronreg ag deur die weiering of versuim van die Vereniging om 'n aanbeveling te doen dat sodanige persoon se naam ingeskryf word in die lys in subartikel (1) bedoel, kan vertoe rig tot die Sekretaris van Gesondheid wat, na oorlegpleging met die Vereniging, kan gelas dat sodanige persoon se naam in bedoelde lys ingeskryf word

(3) Die lys in subartikel (1) bedoel, moet benewens die naam van die betrokke persoon ook die besonderhede bevat wat die Sekretaris van Gesondheid na oorlegpleging met die Vereniging bepaal

3 Die bepalings van artikel 39C van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No 13 van 1928), word nie so uitgelê nie dat dit 'n persoon wie se naam op die in artikel 2 van hierdie Wet bedoelde lys verskyn, belet om vir wins 'n handeling te verrig wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet gewoonlik deur chiropraktisyns verrig word

Voorbehoud

Act No 76, 1971

CHIROPRACTORS ACT, 1971

Presumption

4 When any person is charged with a contravention of section 39C of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No 13 of 1928), the onus of proving that any act was at the commencement of this Act usually performed by chiropractors, shall be upon the person alleging it

Short title and commencement

5 This Act shall be called the Chiropractors Act, 1971, and shall come into operation on a date to be determined by the State President by proclamation in the *Gazette*, which date may be a date prior to the date of such proclamation

WET OP CHIROPRAKTISYNS 1971

Wet No 76, 1971

4 Wanneer 'n persoon aangekla word van 'n oortreding van artikel 39C van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No 13 van 1928), rus die las om te bewys dat 'n handeling by die inwerkingtreding van hierdie Wet gewoonlik deur chiropraktisyns verrig is, op die persoon wat dit beweet Vermoede

5 Hierdie Wet heet die Wet op Chiropraktisyns, 1971, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal, en die datum kan 'n datum vroer as die datum van sodanige proklamasie wees Kort titel en inwerkingtreding

